

DOEANE SLAAN TOE OP ONWETTIGE AKTIWITEITE IN DIE SKROOTMETAALINDUSTRIE

PRETORIA, Donderdag 31 Oktober 2019 - Die eienaar van 'n Durban-gebaseerde metaal herwinningsmaatskappy het laas week skuldig gepleit op verskeie aanklagte in verband met die uitvoer van onveredelde koper.

Angelo Solimene, eienaar van Group Wreck, het skuldig gepleit op vier aanklagte ten opsigte van artikel 54(1)(a) van die Wet op Internasionale Handeladministrasie, 71 van 2002, en artikel 84 van die Wet op Doeane en Aksyns, 91 van 1964.

Hy is gevonnissen tot 'n boete van R500 000, waarvan die helfte opgeskort is vir vyf jaar op voorwaarde dat die beskuldigde geen goedere uitvoer sonder die nodige permitte nie. Hy het ook R600 000 betaal vir die vrystelling van sy goedere by Doeane. Die huidige goedere mag egter nie uitgevoer word nie.

Dit volg na 'n inspeksie deur Doeane in Julie vanjaar van twee laaikiste wat aan Group Wreck behoort en uit Durban se hawe uitgevoer sou word. Die inhoud van die laaikiste was as skrootmetaal verklaar. Daar is egter met inspeksie gevind dat dit onveredelde koper bevat. Die saak is verwys na die Internasionale Handelsadministrasie Kommissie van Suid-Afrika (ITAC).

Die minister van ekonomiese ontwikkelings het voorgeskryf dat, sedert Februarie 2012, koperafval nie uit die Republiek van Suid-Afrika uitgevoer mag word sonder 'n permitte nie, en ITAC het sedert 2017 nog geen permitte uitgereik nie.

SARS en die departement van Handel en Industrie het vroeër vanjaar 'n interagentskap werksgroep gestig om onwettige handelsaktiwiteite aan te spreek in die klerasie, tekstiel en skoeisel industrie, die skrootmetaalindustrie en die goudmetaalindustrie. Die werksgroep is gevorm om te verseker dat sleutelregeringsdepartemente saam werk om smokkel, onderwaardering en bedrog in hierdie industrië aan te spreek.

Aan die hand van hierdie samewerking en samesprekings word verskeie operasionele ingrypings tans onder hierdie industrië uitgevoer. As 'n resultaat, is die opspoor van vals verklaarde en onderverklaarde gewigte in die skrootmetaalindustrie geïdentifiseer.

In Augustus vanjaar het twee direkteurs van die Port Elizabeth-gebaseerde, Beacon Valley (Pty Ltd., ook skuldig gepleit op 36 aanklagte wat verband hou met die uitvoer van skrootmetaal. Hulle het die inhoud van 36 laaikiste by Koega-hawe as "plaatmetaal" en nie as "skrootmetaal" verklaar nie en versuim om die korrekte uitvoerregulasies te volg.

Die aangeklaagde het ook 'n boete van R500 000 betaal waarvan die helfte opgeskort is vir vyf jaar op voorwaarde dat die aangeklaagde geen goedere sonder die nodige permitte uitvoer nie. Hulle het R400 000 betaal vir die vrystelling van hulle goedere, wat nie uitgevoer mag word sonder die nodige permitte nie.

Die skrootmetaalindustrie is 'n multimiljard randse industrie en dra jaarliks nagenoeg R15 miljard by tot die Suid-Afrikaanse bruto binnelandse produk. In 2017 het 'n skrootmetaalmaatskappy 'n saak in die grondwetlike hof verloor waarin hulle die staat se skrootmetaaluitvoerbepalings, bekend as die prysvoorkeurstelsel, uitgedaag het, asook ITAC se besluit om te weier om uitvoerpermitte aan die maatskappy uit te reik ingevolge die prysvoorkeurstelsel. Dit het tot bykans vier jaar se litigasie gelei oor die wetlikheid van die prysvoorkeurstelsel.

In terme van koperskroot, is groot volumes koper en koperalloy uit Suid-Afrika uitgevoer teen hoë pryse oor hoë aanvraag in sekere lande. Dit het 'n negatiewe effek op die plaaslike koperindustrie gehad en die dryf om koper te bekom het die diefstal van koperkabels aangevuur, wat tot miljarde rande se skade gelei het. Die massa uitvoer van skrootkoper het ook 'n negatiewe uitwerking op die plaaslike industrie gehad, wat gelei het tot laer produksievolumes en werkloosheid - daarom die onlangse strengere regulasies met betrekking tot die uitvoer van koper uit Suid-Afrika.